

6 Maart

Skrifgedeelte: Romeine 2:1-11
Fokusgedeelte: Romeine 2:4

Selfgenoegsaamheid maak jou blind vir God se rykdom

Op meer as een plek in die Bybel lees 'n mens die woorde: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade (Jak. 4:6 en 1 Pet. 5:5). Wie dink u is hierdie hoogmoediges?

Gewoonlik dink 'n mens aan 'n hoogmoedige as iemand wat homself belangriker as ander mense ag. Ja, iemand wat dink net hy is reg en net sy eie optrede is goed. Het u al mooi daarvoor gedink: Die hoogmoedige is in ons oë gewoonlik die ander persoon. Iemand na wie ek kan kyk – maar nooit ekself nie ... Hoor vir Paulus in vers 1: ... vir jou mens ... wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself.

Dit is tog so tipies van die sondige mens. Dink maar net aan die mense destyds in Laodisea (Op. 3). Hulle het gesê: Ons is ryk, skatryk en het niks meer nodig nie. Maar die Here kyk dieper en sê: Julle weet nie dat julle ellendig, beklaenswaardig, arm blind en kaal is nie.

Paulus sê: Hou op om hoogmoedig en selfgenoegsaam te wees. Kyk hoe ryk is God! En Hy stel sy rykdom tot jou beskikking. Hy is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld. Hy wil jou en my met sy rykdom tot die ware lewe in Christus lei. Bid daarom dat die Heilige Gees jou die krag en wysheid gee om aan die rykdom van God se liefde en genade in Christus vas te gryp.

Wat is ons reaksie op God se rykdom? Die hartseer is: Baie mense verag sy oervloedige rykdom, want hulle dink hulle kom self reg. Hulle soek aardse rykdom en wêreldse plesier. Hulle verstaan nie dat dit alles net 'n gejaag na wind is nie. So baie mense kan nie God se genade, liefde en ontferming raaksien nie. Daarom vra Paulus: Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?

Sing: Skrifberyming 15-8:1, 2 & 4

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)